Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 11 Februarie 2018 Jr. 7 Nr. 5
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Waterkrisis en gebed

'n Tyd van verootmoediging en gebed

Die droogte en gepaardgaande waterkrisis is op almal se lippe en beïnvloed ons gemoedstoestand, denke, asook ons geloofslewe. Dit is eintlik bemoedigend, soms ontstellend, om te hoor hoe mense in die tyd gesels oor gebed, geloof, wonderwerke, die oorsake van die droogte en ons gepaardgaande verantwoordelikheid. Baie leef met 'n sigbare angstigheid.

Eintlik is die droogte ook 'n geleentheid van God: Dit dwing ons almal om weer opnuut na te dink oor ons verhouding met God, met mekaar en die natuur; ons gedrag en lewenswyse; die volhoubaarheid van ons manier van lewe. Wat 'n uitdagende tyd om in te leef en juis in hierdie opnuut te ontdek: Wie God is en waarheen Hy met ons oppad is. Ons word eintlik almal gedwing om te "restart".

Daarom nooi ons jou om vanaf Woensdag, **14 Februarie** (Aswoensdag, die begin van lydenstyd) saam met baie ander gelowiges 'n pad van verootmoediging en gebed te loop. Die kapel gaan Woensdag van 06:00 af oop wees vir gebed en om 17:00, 18:00 en 19:00 sal daar 'n Aswoensdag-diens wees met gebedstyd.

Ons roep mekaar op om in hierdie komende lydenstyd (14 Febr tot 31 Mrt):

- Onsself voor die Here te verootmoedig en na te dink oor ons verhouding met God, mense en die natuur.
- Te bid vir reën en damme wat weer oorloop. Die Here voorsien ook omdat ons daarvoor vra. As sy kinders mag ons die vrymoedigheid neem om te vra.
- Vir 'n waagmoed om anders te begin dink oor die voorsiening en (her) benutting van water.
- Te bid vir ons leiers om die waterkrisis met wysheid en verant-woordelikheid te bestuur.
- Om nie net te kritiseer nie, maar deel van die oplossing te wees.

Sondag 11 Februarie

Druk die reset-knoppie
Rom 12:1-2

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron en Hein Kruger
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel (doop)	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Hannes Theron en Hein Kruger
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Lizette Louw en Hein Kruger

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Rinie Victor - herstel
Daniel Benade - hartklep operasie
Annalise Wiid - herstel na operasie
Elby Meyer - kanker
Andrew King - gehospitaliseer

Deurkollekte: kanga@roo

Koffie is te koop in die Tent by die Soul Coffee toonbank. Daar is ook gratis koffie en tee by die kombuistoonbank.

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - b@wUxup7

Sondag 18 Februarie

Sagte plek in 'n harde wêreld
Hand 6:1-7

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Familiebediening
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Wat gebeur die week:

Maandag 12 Februarie
18:30 Waterkrisis gesprek - kerk

Dinsdag 13 Februarie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Woensdag 14 Februarie
06:00 Kapel is oop vir gebed
17:00 Aswoensdagdiens
18:00 Aswoensdagdiens
19:00 Aswoensdagdiens

Donderdag 15 Februarie
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory oefen

Neem kennis

Die volgende ouerpare doop op 11 Februarie by die informele diens:

Ruaan en Chantelle Brink met Catherine
JP en Chantalle Coetzee met Marcus JP
Botha en Sam Fourie met Jannik Theodore
Innes en Irmari Moolman met Johannes Jacobus
Niel en Mariecha Morrison met Olivia

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Botha Fourie - Vredenburg
Celia Pienaar - Moreletapark
Erin van Wyk - Gamtoosvallei–Oos
Etienne, Heila Dry met Justin - Wilgespruit
Hercules en Erlanka Paquet met hul dogters Lillie en Mila - Stellenbosch
Jan en Anna du Toit met Anja - Strand
Jan Hendrik en Inge Fourie - Lourensrivier
Jana du Toit - Calvinia
Magda Naude - Sonstraal
Mattie Pretorius - Sundra
Myrtle du Toit - Stellenbosch
Tasia Iversen - Benoni

Waterkrisis

Al sou dit nou reën en ons damme vol loop, is ons waterkrisis nie iets van die verlede nie. Hierdie droogte het ons net bewus gemaak van ander groter uitdagings. Op Maandagaand, 12 Februarie om 18:30-20:00 (in die kerk) is twee van die raadslede van Stad Kaapstad, Gregory Peck en Benedicta van Minnen, hier by ons om ons in te lig oor die waterkrisis en die pad vorentoe. Die waterkrisis raak ons almal en ons as gelowiges wil saam met alle ander partye binne die gemeenskap soek na volhoubare oplossings.

Aswoensdag

Wanneer jy hoor 14 Februarie, hoor jy gewoonlik Valentynsdag: rooi rose, ete saam met jou geliefde, ens. In 2018 gaan ons hierdie dag nog mooier maak. Dit is dan ook Aswoensdag – die begin van die lydenstyd. Ons bede is dat in die lig van die droogte die hele lydenstyd vir die kerk van Christus 'n tyd van verootmoediging en gebed sal wees. Ons begin dus op 14 Februarie as 'n dag van verootmoediging en gebed. Ek gaan dus nie net op 14 Februarie met liefde aan my geliefde erken en bely nie, maar ook my liefde aan God en vir die skepping wat Hy vir ons gegee het. Die kapel gaan van 06:00 oop wees vir almal om te kom stil word in God se teenwoordigheid. Om 17:00, 18:00 en 19:00 sal daar ook 'n Aswoensdag-diens wees wat sal aansluit by die tema van verootmoediging en gebed.

Meer werd as korale…

Dinsdagoggende het ek en die 37 graad 1's in my klas 'n sug van verligting geslaak wanneer tannie Ida Verster om die hoek geloer het met haar stralende, laggende persoonlikheid, storieboek in die hand. Dit was met genoegdoening wat ek die leerders dopgehou het hoe hulle met oorgawe saamgeleef het in die storie wat tannie Ida gelees of vertel het. In die klas kon ek agterkom hoe hulle woordeskat en denkprosesse verbeter het deur die tyd wat hulle met haar bestee het as weeklikse voorleser in my klas by Macassar Primêre Skool. As opvoeder wat toegegooi was met merk-werk en ander administrasie het dit vir my ook daardie halfuur gegee om net aan dringende sake aandag te gee.

Ek ag myself bevoorreg om beide as opvoeder en vrywilliger by Uyavula betrokke te kon wees. Ek kon bydraes lewer en behoeftes deurgee wat ons in die skool nodig gehad het, maar ek kon ook aan die ander kant beleef watter waardevolle bydraes ons vrywilligers maak.

Afgesien van my weeklikse voorleser vir my klas, was ek ook betrokke by die leesklub waar vele van ons gesoute leesvrywilligers in klein groepies ons kinders op 'n Maandagmiddag kom vermaak en ongesiens lewenslesse oorgedra het aan ons leerders. Dit was nie ongewoon om kinders pouses of in die klas te hoor praat oor die storie wat die oom of tannie in die leesklub gelees het nie. So is lewenslesse oorgedra aan mede-leerders. Dit was duidelik hoe die kinders versot geraak het op stories en boeke. Maandae was 'n hoogtepunt vir baie van hierdie leerders.

Alhoewel 2017 'n baie besige jaar was en ons nie gereeld Saterdagskool kon hou nie, glo ek steeds dat dit ook een area is waar vrywilligers individueel 'n verskil met een of twee kinders se akademie kan maak en hoop ek in die toekoms dat ons weer dit kan doen.

Opvallend vir my was die liefde en omgee van ons vrywilligers en die effek daarvan op die leerders. Baie van die leerders het so 'n behoefte aan aandag en liefde wat soms ontbreek by die huis of ouers wat net so hard moet werk wat nie beskikbaar kan wees nie.

Baie dankie vir elke vrywilliger wat 'n verskil in my lewe as opvoeder gemaak het in die laaste vier jaar. Ek is julle innig dankbaar vir elke minuut van julle tyd en elke hulpmiddel of boek wat julle bygedra het. Julle waarde is ver bo korale!

Amanda Uyavula lees- en skryfprojek manda.devilliers@gmail.com

Dawie Rossouw sing ten bate van die Indië-uitreik



Die Indië-uitreikkonsert vind plaas by NG Kerk Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat op 25 Februarie om 15:30. ‘n Donasie van R50 pp is betaalbaar.

Dawie sing liedjies uit die 60’s en 70’s soos Sweet Caroline en Lady in Red, asook van Jim Reeves se liedjies.

Daar sal ook van sy CD’s met die titel "Seasons of my Heart" te koop wees. Kom ondersteun asb hierdie wonderlike inisiatief vir die Indië-uitreik (Chris Miles).

Ons eie Superhero!

Op Sondag 28 Januarie is ons Kiddiekerk besoek deur ons eie “Mr Incredible”, alias Francois Retief. Groot was die verrassing en verbasing toe “Mr. Incredible” sy opwagting maak. Die seuns veral, het “gehang” aan sy spiere.

Ons het oor Josua gesels wat ook soos ‘n *super-hero* was en op God vertrou het, veral in die tye wat hy bang was, sodat Hy kon gehoorsaam wees aan God se opdragte. Soos Josua 1:9 sê: “Wees sterk, wees vasberade, moenie bang wees nie, moenie skrik nie, want ek die Here jou God is by jou.”

Ons graad 1 tot 3 kinders het ook dié teks aangeleer om sodoene nie net God se Woord te hoor nie, maar ook te memoriseer sodat hulle die teksvers kan aanhaal wanneer hulle bang of moedeloos is.

Dienste benodig

Koördineerder: Beradingsdienste by Helderderg Beradingsentrum

Vereistes: Geregistreerde maatskaplike werker.
Vergoeding: Begrote bedrag vir dienste is R2 500 per maand.
Dienste benodig: Volledige inligting by kerkkantoor beskikbaar.
Belangstellendes kan aansoeke indien vóór 12 Februarie 2018 by doreen@doreenh.com.
Navrae by Doreen Hofmeyr (082 899 9942).

kanga&roo

"Sometimes your highest calling scares you the most."

Dit is Oktobermaand. Dit is laatmiddag. My selfoon kry die bewerasies om 'n *Whatsapp* aan te kondig. Dit is die maatskaplike werker. "*Do you know of any temporary safety care mom who is available and ready to take a baby?*"

Iewers is daar dus 'n baba wat 'n mamma nodig het. Die ratte in my kop begin draai. As projekleier van die kanga&roo-projek wat tydelike veilige sorg-ouers met melk en doeke ondersteun, het ek kontak met heelwat kanga-mammas. Die een na die ander naam kom by my op en so ook die rede waarom die betrokke mamma nie nou 'n baba sal kan neem nie: "Sy gaan hierdie week in vir 'n operasie." "Sy het reeds 'n baba." "Hulle gaan Desember met vakansie." My lys van name krimp. Ek laat weet die maatskaplike werker dat ek nie nou van 'n mamma weet wat gereed is vir 'n baba nie.

Vroeg die volgende oggend is ek wakker. Ek dink aan die baba en iets in my hart roer. "Wat van ons? Moet ons nie dalk die baba neem nie?" My lys van verskonings groei: "Ek het nog 'n KidsXpress-boek wat afgehandel moet word." "Ons wil Desember by my ouers gaan kuier – daar is nie plek vir ons as gesin, ons bagasie en 'n baba in die kar nie." "Ons vorige baba is skaars twee maande gelede na sy aanneemouers toe. Ek geniet nog my deurslaap in die nag." "Die baba sal nog teen Januarie by ons wees. Dit is ons besigste maand in KidsXpress." En so aan en so aan....

Ek kry egter nie die babadogtertjie wat by Helderberg Hospitaal in die broeikas lê uit my gedagtes nie. Werner het nog skaars sy oë oopgemaak toe hy hoor: "Wat dink jy oor die baba? Moet ons haar nie, maar neem nie? Na 'n lang heen en weer gesprek sê Werner: "Dit is seker tog wat opoffering is, om ten spyte van al die redes hoekom dit nie nou vir ons gerieflik gaan wees nie, JA te sê." Ek kontak die maatskaplike werker: "We will take the baby."

'n Dag later stap ons met baba Grace by die hospitaal uit. Byna 4 maande later kyk ons terug op 'n boek wat toe wel klaargekom het, my ouers het Kersfees by ons kom kuier, ons het die besige Januariemaand oorleef en Grace slaap reeds die afgelope twee maande feitlik deur.

En tussen alles deur het ons boonop die vreugde van baba-kraaigeluidjies in die huis en klein, ronde wangetjies wat ons kan opsoen! 'n Soeter baba kry jy nie! Ek dank die Here dat ons nie te bang was om JA, te sê nie. Ons sou soveel armer gewees het!

Baie dankie aan elkeen wat die kanga&roo-projek ondersteun. Dit maak dit vir ons as tydelike-veilige-sorgouers soveel makliker as ons net daarop kan fokus om hierdie kosbare lyfies te versorg en lief te hê en nie nodig het om nog te wonder waar ons die finansies gaan kry vir melk en doeke nie. Die kanga&roo projek ondersteun tans maandeliks ongeveer 18 kanga-gesinne wat tussen hulle 25 babas versorg wat wag op aanneming.

ADOPT. If you can't adopt, FOSTER. If you can't foster, SPONSER. If you can't sponsor, VOLUNTEER. If you can't volunteer, DONATE. If you can't donate EDUCATE.

Wat kan jy doen?
Kontak Tania Schultz by tania@kidsxpress.org om meer uit te vind oor die tydelike-veilige-sorg van babas. Die kanga&roo-projek benodig Huggies/ Pampers no 1, 2 en 3 weggooidoeke, Infacare of Lactogen no 1 Formule melk en *baby wipes*. Produkte kan by die kerkkantoor ingehandig word of maak 'n finansiële donasie aan Helderberg Uitreik gemerk: kanga&roo.

Wikkelwurms en Groei-Goggas

Ons is baie opgewonde oor al die gebeure by die Kleuterkerk die jaar. Ons 3-4 jariges is ons Wikkelwurms en leer elke Sondag oor hoe wonderlik God hulle gemaak het. Ons Groei-Goggas is die 5 en 6 jariges en gaan meer leer oor hoe hulle geestelik kan groei deur God en die Bybel beter te leer ken en liefkry.

Die geestelike potensiaal van hierdie klein mensies moet ons nie onderskat nie. Hulle kinderlike geloof is tot groot aansporing vir elkeen wat op 'n Sondag diensbaar is by die Kleuterkerk**.**

Buiten Leandra Minnie, ons raakvatter elke Sondag, is daar ook sewe diensmammas/pappas wat help by die onderskeie klassies. Dan het ons by elke klas mammas en pappas wat die Lesaanbieders is.

Waar jy kan help?
Ons benodig Lesaanbieders. Nog gewillige hande kan rotering moontlik maak en so help ons mekaar. Al die lesmateriaal en hulpmiddels word voorsien. Dit kan ook oumas of oupas of dalk ouers wees wat weer verlang na daardie kleintjies. Kontak gerus vir Leandra Minnie by 084 443 4343 of minnie.leandra@gmail.com.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*